e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

9 April 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 10

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

VOORBLAD

Soos ons van die Kerk verwag...

In die Maart 2009-uitgawe van *Konteks* het ons gevra wat lidmate van die Hervormde Kerk verwag. 'n Oudlidmaat vertel op die Gespreksforum van haar seerkry-ervaring in die Kerk. Sy het pastorale versorging verwag en dit nie gekry nie. 'n Ander lidmaat verwys na die louheid onder Hervormde lidmate wat blyk uit swak bywoning van eredienste en kategese, swak ondersteuning van kerklike funksies, lidmate se onwilligheid om in die kerkraad te dien, en gemeentes se gesukkel om inkomste en uitgawes te laat klop. Alles dinge wat 'n mens nie by die Kerk verwag nie.

Maar dan is daar nog iets wat 'n mens nie by die Kerk verwag nie: 'n beledigende manier om met mekaar te praat. Medegelowiges word uitgekryt en geëtiketteer. Die saak word nie beredeneer nie, maar mense se motiewe word verdag gemaak.

Dit is net hier waar ons almal eers weer moet stil word. Lees. Luister. Nadink. Bid. En dan versigtig begin praat. Want God is in die hemel, en ons is op die aarde, herinner die Prediker ons (Pred 5: 4). Want Jesus leer ons om ander nie te oordeel nie, maar eerder die balk uit ons eie oog te haal (Matt 7: 1-5). Want die Nuwe Testament waarsku ons herhaaldelik om nie toe te gee aan die dinge wat so eie is aan ons sondige natuur nie – vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring en afguns (Gal 5: 20).

Veral in die Paastyd herinner die gebeure aan die kruis ons aan die noodwendige gevolg van ons natuurlike, menslike aard. Vyandskap kweek vyandskap, woede wek woede op, rusies lei tot al dieper verdeeldheid en skeuring. Aan die kruis het die Here ons juis die teendeel geleer: *Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!* (Luk 23: 34). Die eerste Petrusbrief roep ons op om Jesus se lydensvoorbeeld na te volg en beledigings nie met beledigings te beantwoord nie, om ander nie te dreig as ons ly nie, want *deur sy wonde is julle genees* (1 Pet 2: 21-24).

As ons dus erns maak met die lyding en sterwe van Christus, sal ons met mekaar praat, selfs al verskil ons. Ons sal mekaar met respek behandel, al kom ons agter dat ons nooit met mekaar gaan saamstem nie. Ons sal mekaar se suiwer bedoelings aanvaar soos dit by opregte medegelowiges pas.

Daarby word ons bereid om te dien, soos die Here Jesus self gedien het. Ons is nie slegs geïnteresseerde kerkgangers wat ons eie geestelike behoeftes wil bevredig nie. Nee, ons bied ons diens aan soos ons offergawe – uit dankbaarheid vir die liefde van God wat ons lewens verander het. Daarom dien ons met woord en daad waar die Here ons ook al plaas en gebruik.

Laastens word ons dan sensitief vir mekaar se behoeftes, ook daar waar die Gees ons in dieselfde gemeente of dieselfde kerkverband bymekaargebring het. Ons help waar ons hulp nodig is, en ons aanvaar hulp waar ander dit uit liefde vir ons aanbied. So dra ons mekaar se laste. So gee ons uitvoering aan die wet van Christus (Gal 6: 2).

Soos 'n mens van die Kerk verwag.

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep bedank

- **Ds Frans Ras** van Eendracht na Nigel

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Dr Malan Storm

Die Kern-gesin

Ds André Thomas

Prop Tanya Zwarts

Ds Ronél Eckard

Ds Herman Gothan

Prop Francois Evert

Ds Rika van Staden

- **Dr Malan Storm** se skoonmoeder, mev Suez Swanepoel, is verlede Sondag tydens die erediens op Swartwater oorlede. Sy was 'n bekende inwoner van Swartwater en Gemeente Koedoesrand. Meelewing word met die familie betuig.

- **Ds Leslie Kern** en sy vrou Rita van Gemeente Delareyville se seun, Paul Frederich Kern, is op 22 Maart deur sy oupa, Paul Kern, in Gemeente Delareyville gedoop.

- **Ds André Thomas**, wat die beroep na Gemeente Oos-Moot in Pretoria aanvaar het, word op Sondag 19 April in sy nuwe gemeente ontvang en in sy amp bevestig. Ds Thomas was voorheen by Gemeente Welgelegen-Pietersburg.

- **Prop Tanya Zwarts** word op Sondag 19 April deur Gemeente Alberton ontvang, as predikant geordien en in haar standplaas bevestig as deeltydse predikant. Sy werk ook deeltyds in Gemeente Parkrand.

- **Ds Ronél Eckard** word op Sondag 19 April deur Gemeente Coligny as predikant ontvang en in haar amp bevestig. Sy werk reeds geruime tyd in die gemeente. Die gemeente was vakant sedert die vertrek van ds Gawie Wolmarans na Oostelike Pietersburg. Ds Ronél se eggenoot, ds Eddie Eckard, is predikant van Koster.

- **Ds Herman en mev Alida Gothan** word op Sondag 19 April deur Gemeente Heilbron ontvang. Hy word by dieselfde geleentheid in sy amp bevestig. Ds Nico Brayshaw het gehelp met die bediening in die gemeente sedert die vertrek van ds Johann de Bruin na Wonderboompoort.

- **Prop Francois Evert** en sy gesin word op Sondag 19 April deur Gemeente Declercqville ontvang en in sy amp bevestig. Prop Evert is teen die einde van 2008 hertoegelaat tot die evangeliebediening nadat hy tevore besluit het om van lewenstaat te verander. Hy het vir baie jare in Gemeente Koster gewerk.

- **Ds Rika van Staden** word op Sondag 19 April deur Gemeente Welkom as predikant ontvang en in haar amp bevestig. Sy is die eggenote van ds Gert van Staden, voorheen predikant van Verwoerdburg, nou benoemde predikant in die ring van Bothaville.

- **Die volgende predikante verjaar van 8 tot 22 April,** en word van harte gelukgewens:

  - Saterdag 11 April: Ds Gys Els
  - Sondag 12 April: Dr Hendrik Breytenbach en ds Paul Janse van Rensburg
  - Maandag 13 April: Prof Alex Antonites, di Theuns Botha, Nardus Enslin en Gerrie Grobler
  - Dinsdag 14 April: Di Hans Brits, Fanie Hoffman en James Jooste
  - Woensdag 15 April: Dr Hannes Beukes en ds Wessel Swart

Die jonges van Gemeente Wonderboompoort bied op 19 April @ 17:00 hierdie samekoms aan. Die Millenniums neem die inisiatief om die hele Noordelike Pretoria / Moot se jonges te mobiliseer en met jeugwerk en kerkwees uit te reik. Vir hierdie ouderdomsgroep (13-28) speel getalle 'n deurslaggewende rol. Ons kry 'n *hip*-band en ds Johann de Bruin gaan die bespreking lei oor hoe om 24/7 in vandag se milieu Christen-jongmens te wees. Ons het 'n *MXit group* en *Facebook event* (Magtige Dreuning) ingespan, asook 'n SMS-stelsel. Stuur vir ons jou selfoonnommer! Kontak **magtigedreuning@gmail.com**, of een van die volgende:

Geraas (ook vir MXit)	**073 377 7077**
BackChat	**083 663 5198**
Ds Johann	**082 733 3951**
GrootBek	**082 411 0655**

Adres: hv Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal S 25 42' 41,6" E 28 11' 13,6" Pretoria, Suid-Afrika

Phillip Bester
082 333 3657
Ouderlingsvoorsitter
NHKA Wonderboompoort
"die gemeente waar ons 24/7 kerk is!"

- Donderdag 16 April: Ds Gerhard Stoltz
- Saterdag 18 April: Ds Jan Kramer
- Sondag 19 April: Di Pierre Jacobs en Tinus Swart
- Dinsdag 21 April: Ds Edzard van Baalen en dr Kobus van Biljon

- **Ds Wynand (WF) Rademeyer**, beroepafwagtende predikant, se selfoonnommer het verander. Sy nuwe nommer is 071 808 9351. Wysig asseblief die gegewens op bladsy 32 van die *Almanak.*

- **Gemeente Rietvallei** se e-posadres het met ingang van 1 April verander. Die nuwe adres is **nhrietv@telkomsa.net**. Wysig asseblief die gegewens op bladsy 57 van die *Almanak.*

- 'n Groot gedeelte van ons Kerk en gemeenskap se lidmate is ouer as 60 jaar, en hierdie lidmate vra gespesialiseerde aandag van gemeentes. Predikante en seniordiensgroepbesture word genooi na 'n werkswinkel met die tema **Seniorlidmaatbegeleiding** op Dinsdag 21 April van 09:00 tot 12:00 by Gemeente Wonderboompoort, hv Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal. Dit word onder leiding van dr Wilhelm Coetzer en prof Bieks Beukes aangebied. Kontak die kantoor van dr Coetzer by 012 322 8885 of prof Beukes by 072 036 4960.

- Gedurende die Paasnaweek besoek **ds Theuns Botha, sy vrou, Adri**, en hul drie kinders die gemeente in **Bulawayo**. Hulle word vergesel deur lidmate, ook van die NG gemeentes op Ottosdal. Van die groeplede is boere. Saterdagoggend 11 April besoek hulle twee ouetehuise in Bulawayo, waar 'n Paasprogram aangebied en geskenkpakkies uitgedeel sal word. Die mans sal die bejaardes help met kleiner herstelwerkies aan persoonlike toerusting en infrastruktuur. Saterdagmiddag bied die groep 'n potjiekosete aan by die kerkgebou vir al die lidmate van die NG en Hervormde gemeentes in Bulawayo. Sondag 12 April word 'n gesamentlike Paassangdiens aangebied waartydens die kinders van die Botha-gesin met hul vioolspel en ander lede van die groep saam met gemeentelede as soliste en voorlesers sal optree. Die gemeenskap van Ottosdal en vriende tot so ver as Port Elizabeth het ruim bygedra tot hierdie gemeenskapsuitreik. Die groep neem benewens kosvoorrade ook klere, chroniese medikasie, en medikasie wat geskenk is deur die gemeenskap (griepmedisyne) saam. Die boere van Ottosdal het 'n lys uit Zimbabwe bekom van nodige veemedikasie wat daar onverkrygbaar is. Hulle het saamgespan om met donasies en die goedgesindheid van verskaffers duisende rande se veemedisyne bymekaar te maak om saam te neem. Hulle neem ook groentesaad en gifstof saam. Die groep keer weer Maandag 13 April terug na Suid-Afrika.

****

Harare-kinders se vakansie in Suid-Afrika

Die hoërskoolkinders van die Hervormde gemeente in Harare is op uitnodiging van Gemeente Ottosdal van 16 April tot 8 Mei in Suid-Afrika. Dit is gedurende hulle Aprilskoolvakansie. Daar is tydens 'n besoek aan Harare agtergekom dat die kinders tydens vakansies niks het om te doen nie en bedags tuis is terwyl albei ouers werk. Hulle vakansie in Suid-Afrika sluit 'n naweek by Buffelspoort in, asook 'n week in Hazyview, 'n besoek aan Gemeente Ottosdal en die Wes-Transvaal, en die boere daar. Verder is daar ook 'n besoek aan die Universiteit van Pretoria, waar van die kinders volgende jaar hulle studie wil voortsit.

Ons sou ook graag die groepie wou neem na Kimberley, Kaapstad en Oudtshoorn voordat hulle op 8 Mei terugkeer na Harare. Vir die meeste van die kinders is dit 'n eerste keer dat hulle so lank weg is van die huis. Ongelukkig kon 'n paar nie betyds paspoorte bekom nie en sal hulle eers 'n volgende keer in aanmerking kan kom. Dank aan gemeentes wat reeds 'n bydrae tot die projek gelewer het en ook bereid is om akkommodasie en etes op hulle roete te verskaf. Om dit gemakliker te maak en groter

moontlikhede vir hulle oop te maak, doen ons ’n beroep op gemeentes/individue om ’n bydrae tot hierdie projek te oorweeg.

Bydraes kan inbetaal word in die volgende rekening:
Ned Hervormde Kerk Ottosdal (Zim-projek)
ABSA Ottosdal
Rek 2080580021
Takkode 334538
Verwysing op inbetaling: Zim-projek

Faks asseblief die inbetaalstrokie na 086 502 9856 met donateur se volledige besonderhede vir ’n kwitansie.

Ds Theuns Botha, Ottosdal

****

Ds Deirdre van der Merwe-Botha

- **Gemeente Brackenhurst** het besluit om die standplaas van **ds Deirdre van der Merwe-Botha** te wysig na deelsorgbediening. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) moet die saak finaliseer by sy vergadering van 15 April. Ds Van der Merwe-Botha het in ’n benoemingstandplaas gewerk.

- **Gemeente Vredefort** vier op Sondag 24 Mei sy 50ste bestaansjaar, en nie oor die naweek van 16 en 17 Mei soos reeds berig is nie. Prof Theuns Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, sal die Nagmaalerediens lei en groete en gelukwense aan die gemeente oordra. Ds Jaap Steenkamp, skriba van die ring van Potchefstroom, sal namens die ring optree. ’n Gedenksteen sal deur een van die stigterslede van die gemeente, suster Kittie Wiegand, onthul word, waarna ’n skaapbraai gehou sal word. Oudlidmate en ander belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleentheid. Kontak die skriba, Elsa Grobler, by 056 931 0198, of dr Gerrie Bloem by 018 484 5482 voor of op 3 Mei.

- **Gemeente Pretoria-Oos** het ’n blokbespreking met baie goeie sitplekke gedoen vir ***Houtkruis – Die musical.*** Die bespreking is vir Donderdag 7 Mei om 20:00 in die Opera van die Staatsteater teen R200 per kaartjie. Navrae kan gerig word aan mev Wollet Barnard by 012 361 3591 of Diana Henry van die gemeentelike kerkkantoor by 012 460 8441.



- Op Saterdag 2 Mei om 09:00 bied **Gemeente Delareyville** die **Genl Delareyfees** aan. Die gaskunstenaar is Bok van Blerk en die toegang is gratis. Die dag bied iets vir almal – ’n veiling met unieke artikels, hope hoë kwaliteit vleis teen billike pryse, en ’n verskeidenheid lekkernye om aan te smul. Daar is ook vermaak vir die kinders, en ’n kompetisie met as 1ste prys 10 topverse en ’n bul of R35 000, 2de prys 10 skaapooie of R6 000, en 3de prys ’n koedoe en ’n blesbok. Vir meer inligting of om ’n kompetisiekaartjie te koop, kontak ds Leslie Kern by 083 588 1332, Willie Naudé by 083 411 7795, Charles Olivier by 082 524 9091, of die gemeentelike kerkkantoor by 053 948 1992.

- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul jaarlikse karnaval op Saterdag 6 Junie. Hierdie karnaval is al landwyd bekend. Gaan geniet die lekkerste pannekoek, die sappigste sosatie, die grootste stuk wildsbiltong, droëwors wat jou na jou asem sal laat snak en natuurlik Marico se wonderkind – mampoer. Daar sal ook konfyte van elke kleur en geur beskikbaar wees, en koeke, kleinkoekies, beskuit, basaarpoeding, pap en kaiings. Handgemaakte meubels van olienhout sal saam met ander kosbare items opgeveil word. Jy kan 10 verse wen of R30 000 in kontant as jy ’n kaartjie teen R100 koop. As jou boerdery reeds op dreef is, skryf jou osse in vir die swaarste-oskompetisie – die swaargewigte het die skaal al tot ver bo 1 000 kg getrap. Gaan probeer skyfskiet, kleiduifskiet en kleilat-gooi, en luister na die gaskunstenaar, Pieter Koen. Navrae kan gerig word aan Boet Nel by 083 700 9751of ds Willem Sauer by 079 699 1237. Besoek gerus ook die webwerf: **www.maricosafarikarnaval.co.za**.

’n Besondere orrel



- In April is dit reeds 50 jaar sedert **Gemeente Johannesburg-Wes** hul 3-manuaal pyporrel in gebruik geneem het. Om dit te gedenk, bied hulle op **Saterdag 18 April** om 18:30 ’n **orreluitvoering** aan in hul kerkgebou in Tenbystraat, Westdene, Johannesburg. Kaartjies sal by die deure verkoop word teen R50 elk ten bate van die gemeente se orrelfonds. Verversings sal na afloop van die uitvoering bedien word. Kontak Paul Bester by 083 241 5002 of 011 673 4347.

ANDER NUUS

- **Mnr Gill Ferreira**, voorheen ’n bekende ouderling van **Gemeente Harare** en wat die afgelope paar jaar in Randburg woon, is die afgelope week skielik oorlede. Hy was ’n onderwyser. Predikante wat in Zimbabwe gewerk het, ken hom almal goed. Hy is op Woensdag 8 April in Randburg begrawe.

- SENTIK benodig ervare **advertensieverkopers** om op ’n kommissiebasis advertensies vir die Kerk se publikasies te werf. Ons is ook op soek na mense met kennis van die boekhandel wat ons op ’n kommissiebasis kan help met die **bemarking van kerklike literatuur**. Belangstellendes kan dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie, kontak by 012 322 8885 of **wouter@nhk.co.za**.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind elke jaar by UP plaas gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393, faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 30 April. **Vanjaar se evaluering vind plaas op Vrydag 17 Julie.**

- **Die Ondersteuningsraad** wil gedurende die **September-skoolvakansie ’n kamp** aanbied vir 100 kinders wat in pleegsorg verkeer, by kinderhofondersoeke betrokke is, aan verwaarlosing en mishandeling blootgestel is, ensovoorts. Dit is die 10de sodanige kamp en is uitgebrei sodat kinders van ander kantore van die Raad ook betrek kan word. Tydens die kampe word terapeutiese groepwerk deur maatskaplike werkers aangebied. Studente help ook met die aanbieding van bewuswordingsgroepe, rekreasie, sportaktiwiteite en vryetydsbesteding. Die Ondersteuningsraad moet self die fondse vir die kamp genereer. Enigiemand wat kan help om kinders vir die kamp te borg, of wat meer inligting oor die projek verlang, kan Suzanne van Deventer kontak by 012 325-2320, 071 684 7789 of **oraad@telkomsa.net**. Die koste van die kamp is R600 per kind (dit sluit verblyf, etes, vervoer en hulpmiddels in).

- **Belangrike vergaderings van 9 tot 23 April**

  - Die Kommissie van die AKV op Woensdag 15 April (buitengewone vergadering)
  - Die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat op Donderdag 16 April
  - Die Raad vir Regsadvies op Maandag 20 April
  - Die Direksie van AIM en die Komitee van AIM op Dinsdag 21 April
  - Die Moderamen op Donderdag 23 April
  - Die werkswinkel van Die Ondersteuningsraad op Donderdag 23 April

****

- **Lesers moet asseblief kennis neem dat daar nie aanstaande Donderdag, 16 April, ’n uitgawe van die *e-Hervormer* sal verskyn nie.**

AGTERBLAD

Die Here hou ons in sy hand

Die nuwe graad 3-kategeseboeke is so pas by SENTIK se boekwinkel afgelewer. Gemeentes kan dus die nuwe boeke begin gebruik sodra die kategese weer open na die skoolvakansie.

Die nuwe reeks kategesemateriaal is só opgestel dat dit altyd ’n gesinspoging is. Dr Hannes Beukes, hoofredakteur, benadruk dat ons graag wil hê dat Pa en Ma en kinders saam moet wees rondom die Here se Woord. Die kategesemateriaal is ’n poging om ouers te help met hierdie grootse taak. Hulle bly die hoofverantwoordelikes. Kinders se kategese mag nooit ’n eensame pad saam met ’n kategeet word nie.

Die kategese werk soos volg: Heel eerste woon die hele gesin die eredienste by. Dit is die belangrikste kategese. Daarmee saam neem die kategeet die kinders voor of na die erediens vir die aanbieding van ’n formele les.

Elke Sondag word die kinders huis toe gestuur met take om saam met hulle ouers te doen. Die kategese is ’n eerlike en ernstige poging om gesinsbande te verstewig. Ouers moet met hulle kind gesels en saam met hom of haar bid. Vir elke dag is daar ’n dagstukkie. Bo-aan elke les is daar vir die ouer ’n boodskap in ’n blokkie. Dit gee die kern van waaroor dit in die week se les en dagstukkies gaan. Die Bybelteks wat gebruik word, is *Die Bybel vir almal.* Dit is die Bybelvertaling wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spesiaal in eenvoudige Afrikaans laat doen het.

*** Werk aan die nuwe graad 4-kategeseboeke is reeds volstoom aan die gang. Lidmate sal op die hoogte gehou word van die vordering wat daarmee en met die ander jaargroepe se materiaal gemaak word.



Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse